

Gereformeerde Kerk Bellville – 26 November 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 126:2, 3 (p. 623)

- 2 Groot was u daad, en ons is bly. / U het gered, en ons in vry!
Maar, HEER, u gunsvolk sit nou weer / in droefnis en ellende neer.
Wil in u trou ons nooit begewe, / maar wend ons lot, laat ons herlewe,
soos waterstrome^oin Suiderland / die veld laat juig na sonnebrand.
- 3 Wie wenend, onder leed en smaad, / die korrels uitstrooi van die saad,
sal in die hoggehalmdde graan / eerlang verblyd die sekel slaan.
Al wenend saai hy oor die akker; / maar vrolik word sy saagraan wakker.
En eind'lik dra sy nyw're hand / die volle gerwe van die land.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode^oin psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Gebed

Psalm 119:12, 13 (p. 589)

- 12 Wend my oog van wat tog niks is, / maak my lewend in u weg;
u belofte^oaan al u dienaars – / maak dit waarheid aan u kneg!
Laat geen smaad my ooit oorval nie, / stort weer lewe^oin my gemoed
uit u woord wat reg en waar is, / en 'n bron van alle goed.
- 13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyf.
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop op is gebou.
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.

Skriflesing: Jakobus 2:14-26; Heidelbergse Kategismus, Sondag 24:64

Kernvers: Jakobus 2:14, 17

Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie?

Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.
(Jakobus 2:14, 17 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 64: Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie?

Antwoord: Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie (a).

(a) Matt 7:18; Joh 5:5.

Tema: Wie deur die geloof in Christus geregverdig is, dra vrugte van die geloof

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die gelowige het die vraagsteller in die gesprekke aan die hand van Sondag 24 al daarop gewys dat 'n mens se goeie werke hoegenaamd niks bydra tot sy verlossing nie. Dit maak nie saak hoe goed en lofwaardig die werke van die gelowige is nie, daardie werke is altyd onvolmaak en nog met sonde besmet. Die verlossing van 'n sondaar is Christus se werk alleen. Net Hy is volkome heilig en net sy werk is volmaak en stem in alle opsigte met God se wil ooreen.

Alhoewel die gelowige se werke niks tel wanneer dit by sy verlossing kom nie, beloon God tog die goeie werke van die gelowige uit genade. Die beloning is in werklikheid nie primêr vir die gelowige nie, want dit is in werklikheid die Heilige Gees wat die gelowige gewillig en bereid maak om goeie werke te doen. Die Here beloon dus sy eie werk en die gelowige deel uit genade in die loon, want die Heilige Gees het hom as instrument gebruik om die werk te verrig.

Wanneer die vraagsteller die volgende vraag oor die goeie werke vra, kom 'n mens agter dat hy hom ook al in die geselskap van iemand uit die Rooms-Katolieke Kerk bevind het. Die vraagsteller vra: Gelowige, as jy dan nou deur genade alleen en slegs deur geloof in Jesus Christus alleen voor God geregverdig is, dan is daar mos geen rede om goeie werke te doen nie. Jy het dan self gesê dat jou goeie werke hoegenaamd niks bydra tot jou verlossing nie. As Christus jou verlos het, is jy mos verlos en dan kan jy mos maar lewe soos wat jy wil. As Christus se volmaakte gehoorsaamheid aan jou toegereken word, is dit mos nie nodig dat jy ook nog aan die wet van God gehoorsaam moet wees nie.

Broers, susters en kinders, wanneer 'n mens nie 'n vasstaande kennis van die Woord van God het nie, sal hierdie argumente van die vraagsteller baie oortuigend klink. Jesus se eie woorde in Matteus 7:18 stel dit egter duidelik dat ***dit onmoontlik is dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie.*** Jesus het gesê:

'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie. (Matteus 7:18 AFR53)

Ons moet goed oplet na die gelowige se antwoord wat hy gegee het. Hy praat van *'n ware geloof*. Uit die vorige gesprekke onthou ons nog wat 'n ware geloof is. Maar net om ons gedagtes te verfris sê ons weer: ***'n Ware geloof is 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons openbaar vir die waarheid aanvaar en dit is 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk dat God nie net aan ander nie maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.***

Uit hierdie definisie van 'n ware geloof hoor ons weer dat die gelowige slegs deur geloof in Christus alleen verlos word. Deur hierdie ware geloof lyf die Heilige Gees die gelowige in Christus in. Of soos wat dit in vanaand se antwoord gesê word: Deur hierdie ware geloof plant die Heilige Gees die gelowige in Christus in. En nou is daar 'n gevolg – die gelowige bring vrugte van dankbaarheid voort. Dit is die gevolg van 'n ware geloof.

Aangesien die gelowige van 'n ware geloof praat in sy antwoord, beteken dit dat daar ook so iets soos 'n valse geloof is. En dit is nogal belangrik vir elkeen wat sê dat hy 'n gelowige is om seker te wees dat sy geloof wel 'n ware geloof is. Dit is immers net die mense wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is wat die ewige lewe sal ontvang.

Die duiwel is 'n meester wanneer dit by misleiding kom. Aangesien 'n mens net deur geloof deel kan kry aan die verlossing, is dit geen wonder dat die duiwel alles in die stryd werp om mense juis oor die saak van geloof te mislei nie. As die duiwel iemand kan oortuig dat hy sonder Christus met sy goeie werke alleen die ewige lewe sal verkry, is die duiwel tevrede om te sien hoe so 'n mens homself sy ganse lewe afsloof aan goeie werke. Of as 'n mens gedoop is en grootgeword het in die kerk en dink hy gaan die ewige lewe ontvang omdat hy in Christus glo, maar sy geloof is bloot woorde en gedagtes en het geen invloed op sy lewe van elke dag nie – is die duiwel baie tevrede met so valse geloof.

Let op hoe skryf Jakobus dit in vers 14. Hy praat van iemand wat sê dat hy die geloof het. Dit is maklik om te sê dat jy glo. Jakobus lê 'n toets aan vir hierdie bewering wat die persoon maak. Hierdie man het gesê dat hy die geloof het. Nou het daar 'n medegelowige by hom opgedaag. Dit is bitter koud en hy sien dat die medegelowige se klere nie genoegsaam is nie. Die medegelowige sê ook dat hy honger is en hy het nie kos nie. En al wat hierdie man doen wat gesê het dat hy die geloof het, is om vir die medegelowige te sê: Laat dit goed gaan met jou. Bly lekker warm en eet genoeg. En hy stuur die medegelowige met hierdie woorde weg sonder om iets te gee van wat hy nodig het.

Jakobus vra: Wat baat dit? Watter nut het so 'n geloof dan? So 'n geloof is nie die naam geloof werd nie, sê Jakobus. Drie maal in hierdie gedeelte sê hy dat so 'n geloof wat maar net woorde is morsdood is. Dit is 'n valse geloof. Geloof wat nie 'n mens daartoe bring om iets aan ander gelowige se nood te doen nie, kan mos nie 'n ware geloof wees nie. Wie met 'n ware geloof in Christus ingelyf is, kan mos nie anders as om saam met Christus te beweeg wanneer Hy Hom oor die gelowige ontferm nie.

'n Ware geloof lei noodwendig tot goeie werke. Dit is net soos 'n saadjie wat jy plant. Daardie saadjie sal noodwendig groei en uiteindelik vrugte dra omdat die Here die lewe in daardie saadjie ingeskape het. So sal ware geloof ook vrugte van goeie werke voortbring.

Noodwendig beteken nie outomaties nie. 'n Saadjie wat in die grond geplant is, gaan nie outomaties groei en vrugte dra nie. Die grond moet goed voorberei wees en nadat dit geplant is moet jy dit water gee. Dan sal die saadjie groei en uiteindelik vrugte oplewer. Ware geloof moet ook gekoester en vertroetel word. Die Heilige Gees voed en versterk die geloof met die evangelie van Jesus Christus. Daarom gebeur dit noodwendig dat die gelowige met hierdie ware geloof goeie werke begin verrig en daarmee volhou.

Wanneer die Here uit genade 'n mens deur die geloof in Christus regverdig maak, verander die Heilige Gees die mens se hart. Hoor net hoe het Esegïël dit geskryf:

En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. (Esegïël 36:26-27 AFR53)

Daarom sê ons dat goeie werke noodwendig volg wanneer die Heilige Gees die wedergeboorte en die ware geloof aan 'n mens gegee het. In ons Dordtse Leerreëls bely ons wat die Heilige Gees binne-in die mens doen wanneer Hy die wedergeboorte skenk. Oor die verandering aan hart en die wil van die mens bely ons: **Deur die kragtige werking van die Heilige Gees dring Hy deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is, en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.**

(Dordtse Leerreëls 3/4:11)

Die mens wat dus maar net sê dat hy die geloof het en intussen net vir homself lewe, is besig om homself te mislei. So 'n geloof kan nie Christus en sy weldade ontvang nie. So 'n geloof is soos 'n sif waarmee jy water probeer skep – al die water stroom deur die sif.

In sy eerste brief skryf Johannes om die gelowiges te wys op die gevare van 'n valse geloof. Ek haal net drie verse aan om dit te illustreer:

As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. (1 Johannes 1:6 AFR53)

Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy geboorte nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. (1 Johannes 2:4 AFR53)

Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het. (1 Johannes 2:5-6 AFR53)

Die punt wat die Heilige Gees dwarsdeur die Skrif maak is dieselfde. Die geloof in Christus waardeur 'n mens gered word, het tot gevolg dat 'n mens se lewe verander en jy goeie werke doen. Valse geloof aan die ander kant is leë woorde en ontbreek aan goeie werke.

Jakob maak nog 'n skokkende stelling in vers 19. Die mens wat sê dat hy die geloof het, kan sy geloof honderd persent in ooreenstemming met die Bybel verwoord, maar as hierdie geloof geen uitwerking op sy hart en lewe het nie, is dit vals. Die woorde waarmee vers 19 begin is die kern van van die woorde in Deuteronomium 6:4:

Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. (AFR53)

Elke gelowige Jood en elke Christen glo hierdie waarheid. Jakobus sê dat jy goed doen wanneer jy glo dat God één is. Jy is suiwer in jou belydenis wanneer jy so sê. Maar dan kom hy met die skokkende woorde: **Die duiwels glo dit ook, en hulle sidder.** Die duiwels sê ook dat God één is. Hulle sê dit nie net nie. Daar is by hulle ook 'n reaksie – hulle sidder.

Die verskil tussen die duiwels wat sê hulle glo God is één en die mens wat sê dat hy die geloof het, is dat die duiwels hulle nie kan bekeer nie. Alhoewel die duiwels die waarheid ken en weet dit is die waarheid, kom daar geen verandering in hulle nie. Hulle draai nie weg van hulle opstand teen God en onderwerp hulle aan Hom nie. Hulle hart bly vol haat vir God. En hulle wil verander van ongehoorsaam na gehoorsaam nie. Geloof wat nie tot gevolg het dat 'n mens ophou om selfsugtig te wees en in gehoorsaamheid voor die Here te buig nie, is 'n geloof wat nie beter is as die duiwels se geloof nie.

Met hierdie woorde in vers 19 sê die Heilige Gees glad nie dat die gesonde leer onbelangrik is nie. Dit is belangrik dat ons moet weet wie God en Christus en die Heilige Gees is. Dit is belangrik dat 'n mens die werke van God leer ken, soos wat dit in die Bybel aan ons ge-openbaar word. Dit is immers deur hierdie vasstaande kennis waarmee die Heilige

Gees

'n gelowige ook lei tot 'n vaste vertrouwe in God, Christus en die Heilige Gees. Maar die punt wat hier gemaak word, is dat die geloof in die ware God lei tot 'n lewe waarin 'n mens kan sien dat die gelowige gered is.

Nou kan elkeen wat sê dat hy in Christus glo en glo dat hy op grond van Christus die ewige lewe sal ontvang ook sy eie geloof toets. Het dit by jou gewoonte geword om van Maandag tot Saterdag 'n lewe te lei wat hemelsbreed verskil van hoe jy op 'n Sondag lewe? Is daar by jou geen of weinig begeerte om die Here se wet te gehoorsaam? Dan

moet ek en jy ernstig tot die Here bid en vra dat Hy ons sal bekeer. Onthou dit is net die duiwels wat hulle nie kan bekeer nie. Merk jy by jousef op die gewilligheid en bereidheid om jou tyd en energie op te offer in diens van die Here? Is daar by jou 'n brandende begeerte om met jou hele lewe dankie te sê vir die groot genade wat jy in Christus ontvang het? Dan mag jy die afleiding maak dat jy met 'n ware geloof in Christus ingeplant is.

Broers, susters en kinders, tydens die nagmaal van vanoggend het ons na die tafel van die Here gekom omdat Hy ons geroep het. Met ons aansit en deelneem aan die nagmaal het ons vir die Here gesê: Here, dit is ons opregte begeerte om met ons hele lewe dank aan U te bewys, opreg voor U te wandel en in ware liefde en eensgesindheid met ons naaste te lewe. Mag die Heilige Gees elkeen van ons dan ook so lei om ons geloof sigbaar uit te leef en God ook so te verheerlik.

Amen!

Slotgebed

Psalm 40:4, 5 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte seek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.
- 5 Nou sal ek u geregtigheid laat hoor: / daarvan in groot vergadering
vryuit die blye boodskap bring, / uit dankbaarheid tot sanglus aangespoor.
U trou wat nooit beswyk het, / u heil wat ons geblyk het, u guns oneindig groot –
sal ek my hulde bring / in groot vergadering / van vriend en gunsgenoot.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
26 November 2017